

# Woensdag 1 September

Skrifgedeelte: Titus 1:1-2

Fokusgedeelte: Titus 1:1-2

## **Ons verlossing deur Christus is van ewigheid af**

Aan wie is jou en my geloof te danke? Wanneer het dit begin? Wanneer gaan dit ophou? Paulus skryf aan Titus, 'n Griekse gelowige, oor 'n aangrypende waarheid wat sy, die gelowiges op Kreta, en jou en my geloofslewe raak.

Hy begin sy kragtige brief aan Titus deur 'n langer as gewoonlik inleiding waarin hy geen doekies omdraai nie. God het hom (wat Paulus is) geroep en gestuur om mense wat Hy uitverkies het, tot geloof te lei. Die mense (wat ek en jy is) se geloof het sy oorsprong by God. In vers 2 staan dit daardie oorsprong is “van ewigheid” af (1933-vertaling) of “lank gelede” in die 1983-vertaling, wat dit in lyn bring met die Raadsplan van God. Per implikasie is dan ook ingesluit dat die geloof nie gaan ophou nie.

Paulus roep ons op tot die kennis van hierdie waarheid. Dis die sekerheid van ons geloof. Al gebeur wat ... al faal ek self, al is die aanvalle van die bose hoe geweldig, my geloof in Jesus Christus lê in Hom, nie in my geloof nie. Dit is die hoop van die ewige lewe wat God belowe het. Dit is ons geloofsekerheid. God hou woord! Dis die basis van ons geloof.

Nou sê Paulus 'n belangrike ding: Hierdie wete lei tot die dien van God. Daar vind 'n metamorfose plaas. Ons harte verander, ons denke vernuwe, ons dade is tot eer van God, want Hy is die alleroorvloedigste goedheid wat ons hele wese versadig met sy liefde ... Jesus ons Verlosser. Kom ons dank Hom vir hierdie geloof en waarheid, en kom ons bid die Heilige Gees om ons elke dag te leer om so saam met ons Verlosser te leef.

*Sing: Psalm 33-1:1, 2*

*Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg)*